

**Cilliers, Johan, 1996 — Die uitwissing van God op die kansel.**

Lux Verbi: Kaapstad. 52 Bladsy. Prys: R39,95

**Resensent: Ds J C van der Merwe**

'n Mens hoef nie in alles met Cilliers saam te stem alvorens hy jou, by die lees van sy boek tot selfonderzoek dwing oor jou eie prediking nie. Hy het daarin geslaag om 'n publikasie die lig te laat sien wat deel behoort te wees van elke prediker of aspirant prediker se boekery.

Dit is in die woorde van die skrywer bedoel om 'n nadink-boek te wees vir mense wat opgewonde is oor die evangelie ... én hartseer as dit met 'n ander vervang word. Die boek bestaan benewens 'n voorwoord en addendum uit die volgende ses hoofstukke:

- \* Ter Inleiding.
- \* Die verstomming van die Bybelteks.
- \* Die veredeling van die religieuse mens.
- \* Die vereensaming van die prediker.
- \* Die uitwissing van God op die kansel.
- \* Hoe verkondig ons dan die evangelie.

Tydens 1994 en 1995 het hy na 'n groot getal radiopreke in Afrikaans en Engels geluister as deel van 'n span navorsers wat onder leiding van professor Bethel Müller van die Stellenbosche Teologiese Fakulteit prediking in situasies van verandering (voor en na die algemene verkiesing van 1994) ondersoek het.

Hiervoor is 54 radiopreke op band opgeneem, woord vir woord oorgetik (die volle liturgie) en toe noukeurig ontleed. Twee norme is gebruik: eerstens is geva of die Bybelteks waaroor gepreek is telkens as uitgangspunt geneem is en of dié betrokke Skrifgedeelte wel in die preek verreken is en tweedens is die betrokke preke ontleed aan die hand van die mees fundamentele beginsels van die Reformasie. Daar is geva: Het slegs die Skrif, slegs die genade, slegs geloof en slegs Christus sentraal gestaan as uitgangspunte in dié preek? Die metode wat gevolg is met die ontleding van die radiopreke is die internasionaal erkende *Heidelbergmetode* wat in die tagtigerjare ontwikkel is deur die Switserse homileet Rudolph Bohren en die Duitse skrywer Gerd Debus. Deur middel van 'n teks-immanente analise en teologiese interpretasie word die preek gehóór as linguistiese en teologiese eenheid. Die *Heidelbergmetode* is 'n intratekstuele metode, wat deur 'n 'close reading' van die preek deurdring tot die grondstrukture van die preek en ook die teologie wat die prediker in sy preek verwoord. Die resultaat van die ondersoek het Cilliers so ontstel dat hy dié betrokke boek geskryf het. Die ontstellende van die ondersoek is dat dit duidelik geblyk het dat die evangelie van vrye genade nie vanselfsprekend op Suid-Afrika se kansels verkondig word nie. Die fokuspunt van sy boek is daarom die *moralistiese inslag* wat in preek na preek opgemerk is. Daarmee word bedoel die neiging van predikers om uitsluitlik op die innerlike toestand van die hoorders te konsentreer en om dan in lyn daarmee die luisteraars op te roep om op grond van hulle veronderstelde menslike of godsdienstige potensiaal iets(meer) te doen, beter te vaar, ten einde verlos te word.

Uit die preke wat ontleed is, het dit keer op keer geblyk dat die prediking lamgelê word deur veral één faktor naamlik *wettisisme*. Hy toon dan ook hoedat al die preke wat ontleed is — feitlik 90% — op een of ander wyse hieronder ly. Sy gevolgtrekking is dat wettisisme springlewendig op die kansas van ons land is. Met wettiese prediking word bedoel dat mense onder die valse indruk gebring word dat hulle self die potensiaal het om deur hulle eie vroom insette hulle lewensprobleme te kan oplos.

As in ag geneem word dat die preke wat gekies is, almal gemeentelike eredienste was wat oor 'n tydperk van twee jaar oor die destydse SAFM en oor Afrikaans Stereo en radiokansel uitgesaai is, en dat dit preke van feitlik alle denominasies insluit: Rooms-Katoliek, Anglikaans, Presbiteriaans, Metodisties, Apostoliese Geloofsending, Hervormd, Gereformeerd, Verenigende Gereformeerd, Nederduits Gereformeerd, kry 'n mens 'n indruk van hoe ver die somber lyn van wettisme strek.

Wat egter ontstellend is, is hoe verstommend maklik veral die gereformeerde predikers dié grondbeginsels van die Reformatoriese tradisie uit die oog verloor of om dit geen noemenswaardige rol te laat speel in die praktyk van die prediking nie.

'n Groot aanwys van die boek is die stel definisies wat by hoofstukke 2, 3 en 5 gegee word. Hierdie definisies maak dit maklik om die bedoeling van die skrywer te volg.

Wat Cilliers in sy boek aantoon, is ontstellend as in gedagte gehou word dat die verkondiging van die Woord in die Reformatoriese kerke sentraal staan. Die sentrale boodskap van die Woord is dat God sondaars uit louere genade red. God bewerk hierdie versoening (redding) deur sy Seun Jesus Christus wat mens geword het. Predikers in die Reformatoriese kerke moet dus gemeet word aan die maatstaf dat niks anders as Christus verkondig mag word nie. Dit is al erg genoeg as die evangelie deur wettisisme kragteloos gemaak word vir die Christene self, maar as verder in gedagte gehou word dat die verkondiging van die kerk plaasvind in 'n gemeenskap wat nie meer sonder meer Christelike waardes aanhang nie, maak dit die saak nog erger. Die evangelie word kragteloos vir diegene wat nog buite staan, wanneer God soos wat Cilliers aantoon, gemuilband word deur wettiese en moralistiese prediking.

Ek wil graag hierdie boek ten sterkste aanbeveel by alle predikers en aspirant predikers. Cilliers toon nie net aan hoe die evangelie *nie* verkondig moet word nie, hy gee in die laaste hoofstuk duidelike riglyne aan die hand waarvan die evangelie-verkondiging behoort te geskied. Ons verkondig die evangelie nie bloot deur 'n stortvloed van woorde wat 'n aantal mense moet stig nie. Evangelieprediking is 'n oproep dat die Here van die Woord self sy Woord oor ons in vervulling sal laat gaan. Die boek behoort groot waarde te hê vir individue maar ook vir groter groepe soos ringrade vir predikante waar dit as onderwerp van bespreking kan dien.

---